



TOEKOMSBERAAD

DIE PLAN

Aangebied deur
Solidariteit en Solidariteit Helpende Hand

INHOUDSOPGAWE

1.	VOORWOORDE	2
2.	AGTERGROND	3
3.	WAAROM HIERDIE BERAAD NOODSAAKLIK IS	6
4.	DOELWITTE VAN DIE TOEKOMSBERAAD	7
5.	DIE PLAN	8
5.1.	Wetgewende raamwerk	8
5.1.1.	Agtergrond	8
5.1.2.	Uitdagings	8
5.1.3.	Aanbevelings	9
5.2.	Befondsing	10
5.2.1.	Agtergrond	10
5.2.2.	Uitdagings	10
5.2.3.	Aanbevelings	10
5.3.	Dienslewering	12
5.3.1.	Agtergrond	12
5.3.2.	Uitdagings	13
5.3.3.	Aanbevelings	13
5.4.	Maatskaplike beroep	14
5.4.1.	Agtergrond	14
5.4.2.	Uitdagings	14
5.4.3.	Aanbevelings	15
6.	AKSIESTAPPE	16
7.	SAMEVATTING	19



TOEKOMSBERAAD-PROGRAM

Aangebied deur
Solidariteit en Solidariteit Helpende Hand

07:30	Koffie en aankoms
08:30	Verwelkoming en opening – Ds. Schütte
09:00	Afrikanerverslag – Connie Mulder
09:30	Voorwoord met video om plan bekend te stel – Bianca Smit
09:45	Ek is geroep vir 'n tyd soos hierdie – Hannes Noëth
10:15	Ons sal self: Hoe om jou denkwysse te verander om 'n wêreld ander die kant die staat te vind – Dr. Dirk Hermann
10:45	Wetgewing – Dr. Llewelyn Curlewis
11:15	Ete
12:00	Hoe om my besigheidsmodel te verander om my NPO as 'n besigheid te bedryf – Marieta Kemp
12:30	Hoe om my NPO meer effektief te bemark – Heinrich Hurter
13:00	Vraag-en-antwoordsessie met kenners
13:30	Afsluiting

VOORWOORDE



Hannes Noëth

'n Toekomsberaad – Mnr. Hannes Noëth

Toe ons in 2024 bymekaarkom vir 'n Krisisberaad, het ons reeds geweet die volgende keer sal ons bymekaar kom om oor die toekoms te besin. Dit was eintlik vir almal wat by die reëlings betrokke was vanselfsprekend:

Wat is die krisis wat ons beleef in die maatskaplike omgewing?

Wat gaan ons daaromtrent doen?

Dit het gelei tot die beplanning van 'n Krisisberaad en nou 'n Toekomsberaad. 'n Mens kan maklik gaan sit en kla en kla en kla. Maar hoe gaan ons die uitdagings aanpak? Wat kan 'n mens doen en wat moet 'n mens doen? Dit was die vrae van die begin af. Daarom het Solidariteit Helpende Hand, Solidariteit en almal wat nog meegewerk het, besluit: Kom ons hou 'n beraad – 'n beraad vir almal wat wil saamwerk en almal wat die uitdagings wil aanpak. Kom ons sit al die uitdagings wat ons kan identifiseer op die tafel. Dit wat maklik is en dit wat moeilik is, dit waarvoor ons die antwoorde ken en dit wat ons nie 'n idee het hoe ons dit gaan aanpak nie. Kom ons gesels, praat, dink en werk.

Die Krisisberaad was 'n sukses! Daar is baie gesels, gepraat, gedink en gewerk. Nog belangriker: Verskillende werkkomitees is aangewys. Die uitdagings is verdeel tussen werkgroepe. Nou is dit tyd vir ons Toekomsberaad. 'n Mens het twee opsies: Die uitdagings van die tyd kan jou oorweldig, of jy kan die uitdagings van die tyd binne jou roeping en vermoë aanpak. Ons kies laasgenoemde. Ons kies om nie te gaan lê nie, ons kies om oplossings te soek. Nie alleen nie, maar saam met almal wat kan en wil. Ons besef die antwoorde op ons maatskaplike vrae gaan nie van die staat af kom nie. Ons besef die plan lê nie by die regering nie; dit lê by ons – in ons gemeenskappe, onder ons mense, met die vermoë en die gawes wat ons het. Ons as organisasies is immers die gewete van ons gemeenskappe en deur saam te werk bring ons hoop. Ignoreer ons die maatskaplike krisis, lei dit tog 'n menigte ander uitdagings. Ondanks al die gebrokenheid en nietigheid moet ons aanhou werk aan 'n toekoms.

Daarom hierdie Toekomsberaad – 'n logiese volgende tree. Van krisis tot toekoms, van wanhoop tot hoop, van swak na krag, van gister na môre. Dit is die enigste manier.

Saam en kragtig vooruit. Hierdie Toekomsberaad is belangrik. Nie vir een of twee nie, nie vir 'n spesifieke organisasie of individu nie, maar vir elke gemeenskap, elke organisasie, elke kerk en elke skool en elkeen wat glo in 'n toekoms waaraan ons moet begin werk.

Self – want niemand anders gaan dit vir ons doen nie.

Werk saam met ons van krisis tot toekoms ...



Dr. Dirk Hermann

Binders wat die gemeenskap bind – Dr. Dirk Hermann

'n Gemeenskap wat bind, is kragtig. In Prediker word dit bevestig met die beeld van die driedubbele tou:

"En as een hom oorweldig, sal twee hom kan weerstaan; en 'n driedubbele tou breek nie gou nie."

Dit beteken eenvoudig dat ons saam sterker is as alleen.

Die kombinasie van byvoorbeeld diensbaarheid, ondersteuning en lojaliteit maak ons sterk. Wanneer hierdie drade saamgeweef word, ontstaan 'n stewige gemeenskapstou. Hoe sterker die binding, hoe sterker die gemeenskap.

In Suid-Afrika is daar kommer oor die staat, oor staatsbefondsing, en oor 'n staat wat aan die ontbind is. Tydens verlede jaar se Krisisberaad is gefokus op 'n staat wat nie sy verantwoordelikheid nakom nie, veral in die konteks van die befondingskrisis in Gauteng. Daar is gepraat oor die uitdagings, maar daar is ook tot die gevolgtrekking gekom dat die volhoubare antwoord in self doen lê, nie in die staat nie. Wanneer ons oor die toekoms praat, moet ons praat oor hoe 'n gemeenskap self verantwoordelikheid kan neem.

Die idee van die krag van 'n gemeenskap wat bind, is bevrydend te midde van die ontbinding van elemente van die staat. 'n Staat wat nie sy verantwoordelikheid kán of wíl nakom nie, is gevaarlik. Ja, hy moet verantwoordbaar gehou word, maar die gemeenskap mag nooit aan die willekeur, moedswilligheid of oneffektiwiteit van die staat uitgelewer word nie. Die gemeenskap moet bind en sy krag in die driedubbele tou vind.

'n Gemeenskap het binders nodig om te bind. Hierdie binders is maatskaplike werkers. Waar baie mense bekommerd is oor die toekoms van maatskaplike werk te midde van die onttrekking van staatsubsidies, breek daar nou 'n nuwe era aan waarin maatskaplike werkers juis tot hulle reg sal kom – 'n era van gemeenskappe wat bind.

Maatskaplike werkers is bedoel vir tye soos dié. Hulle rol moet herontdek word, nie gemarginaliseer nie. Die rol van gemeenskapsorganisasies waardeur die binders werk, moet versterk word.

Ons moet antwoorde uit die gemeenskappe self kry wat maatskaplike werkers in staat stel om die gemeenskap te help bind. Ons kan eenvoudig nie anders nie. As ons 'n groter antwoord vir maatskaplike ontwikkeling in die gemeenskap self vind, sal dit veel meer volhoubaar wees. Afhanklikheid van die staat strook immers nie met die idee van 'n gemeenskap wat self verantwoordelikheid neem nie.

Maatskaplike werkers moet ook – soos 'n driedubbele tou – aan mekaar bind. Daarom het Solidariteit 'n netwerk vir maatskaplike werkers gestig: 'n plek waar binders bande bou, waar beste praktyke gedeel word, en waar meesters kennis, idees en tegnieke aan die jonges oordra. Maatskaplike werkers is die binders van sterk gemeenskappe en sterk gemeenskappe is die pad na 'n volhoubare toekoms.

Kom ons vleg ons driedubbele tou saam met die Drie-eenheid wat ons versterk. Dán is die toekoms seker.

2. AGTERGROND

Krisisberaad 2024

Die Krisisberaad is in 2024 gehou in reaksie op die ernstige uitdagings waarmee maatskaplike organisasies en werkers te kampe gehad het. Die maatskaplike krisis veroorsaak in ons land onder andere 'n bestaanskrisis en 'n toekomstkrisis. Die doel was om die krisis rakende wetgewing, befondsing, dienslewering en die maatskaplike professie te identifiseer, bespreek en oplossings daarvoor te vind. Die beraad het gefokus op probleemanalise en onmiddellike ingryping. Dit het maatskaplike organisasies gehelp om hul grootste struikelblokke te identifiseer en maniere te soek om in 'n uitdagende omgewing te oorleef. Ten spyte van die stelsel se gebreke moet ons ons roeping omarm en oplossings vind. Daarom word die Toekomsberaad gehou.

Toekomsberaad 2025

Die Toekomsberaad is 'n strategiese toekomsinisiatief wat bou op die insigte van die Krisisberaad. Waar die Krisisberaad 'n reaksie op bestaande probleme was, is die Toekomsberaad daarop gemik om 'n volhoubare en selfstandige toekoms vir maatskaplike werk te skep. Dit is 'n platform waar ons nie net oplossings vir bestaande probleme soek nie, maar ook innoverende strategieë en modelle ontwikkel vir 'n volhoubare toekoms. By woorde van dr. Dirk Hermann: "Self as dit kan, staat as dit moet." Die vraag tydens die Toekomsberaad is duidelik: "Hoe gaan ons vryheid, veranderinge en verbetering in die maatskaplike omgewing te weeg bring?" (Hannes Noëth). Die fokus verskuif van oorlewing na groei, samewerking en selfstandigheid.

Maatskaplike organisasies wil nie net sit en wag dat die regering verandering bring nie – ons tree self op. Staatsafhanklikheid, befondsing en dienslewering mag nie ons roeping beperk nie. Ons kan 'n selfstandige toekoms bou deur saam te dink, praat en werk. Die fokus van hierdie beraad is om met moed en durf sáám 'n toekoms te bou. Ons wil nie net passiewe waarnemers van gebeure wees nie, maar aktiewe deelnemers wat bou aan 'n beter toekoms vir ons land.

Ons as maatskaplike organisasies moet nou 'n verbonde maatskaplike gemeenskap vestig. Maatskaplike ondernemingskap is die wyse waarop ons 'n toekoms bou. Kommersiële modelle moet ondersoek word anderkant die staat se kulturele ideologie.

Maatskaplike selfvertroue is nodig, want met roepingsgedrewe maatskaplike werkers storm ons 'n muur. Ons wil nie net sit en wag dat die regering die veranderinge bring nie, maar tree aan om self die veranderinge te bring.

Ons moet die staat verantwoordbaar hou vir die versorging van sy burgers, maar ons moet ook nie aan die staat meer gesag gee as wat nodig is nie. Ons moet wys wees en wys optree en teen verslawing aan die staat se agenda waak. Goeie samewerking met die staat is wel moontlik. Die toekoms is in ons hande.

By Solidariteit Helpende Hand weet ons reeds dat dit moontlik is om onafhanklik van die staat te funksioneer en steeds uitnemende diens te lewer. Daar is modelle en suksesverhale wat ons kan gebruik om 'n nuwe, sterker pad vorentoe te baan.

Solidariteit se Maatskaplikewerkersnetwerk erken dat maatskaplike werkers passievol oor hulle beroep is; hulle wil 'n verskil in mense se lewens maak. Vir maatskaplike werkers is erkenning min en emosionele trauma baie. Dit is egter 'n roeping en die vlam van jou roeping kan nie geblus word nie. Hierdie beroepsnetwerk is 'n veilige hawe vir maatskaplike werkers waar hulle saam met ander in dieselfde beroep kan leer en oor beroepsverwante kwessies praat.

Die beroepsnetwerk bied aan lede 'n netwerk waardeur hulle met mekaar kan skakel, beste praktyke deel en sake doen.

Hierdie beraad is die begin van die toekoms – 'n begin waar ons agente van verandering is en waar ons ons Godgegewe talente en gawes met doelgerigte maatskaplike strategieë kan uitleef. Kom ons skep saam 'n toekoms van hoop en volhoubaarheid – vir ons gemeenskappe, vir ons professie en vir die generasies wat kom.

Dank aan die taakgroepe

Ons wil elke lid van die verskillende taakgroepe opreg bedank vir hul tyd, kundigheid en passie om hierdie verslag saam te stel. Julle betrokkenheid was van onskatbare waarde. Met diepgaande gesprekke en deur insigte en persoonlike ervarings te deel, het julle gehelp om die werklikheid van die maatskaplike sektor in Suid-Afrika vas te vang en rigting aan die toekoms te gee.

Meer achtergrond oor die taakgroepe

Die taakgroepe het bestaan uit individue met die nodige vaardighede en kundigheid wat insette kon lewer oor 'n wye spektrum maatskaplike kwessies. Hulle rol was onder andere om:

- uitdagings en probleme te formuleer;
- data en inligting in te samel;
- oplossings te ontwikkel;
- en konkrete stappe aan te beveel om probleme op te los.

Dankie dat julle agente van hoop is. Julle dra werklik by tot 'n toekoms van verandering.

NOTAS

[illegible]

3. WAAROM HIERDIE BERAAD NOODSAAKLIK IS

Suid-Afrika stuur op 'n welsynstaat af.

Solidariteit Helpende Hand spreek diepe kommer uit oor die land se toenemende afhanklikheid van maatskaplike toelaes, soos uiteengesit in minister Enoch Godongwana se 2025 begrotingstoespraak. Die regering se totale besteding aan maatskaplike toelaes sal na verwagting in die komende finansiële jaar van R285 miljard styg tot R313 miljard in 2027-'28. Dit is 'n skerp toename wat 'n ernstige vraag laat ontstaan oor die volhoubaarheid van hierdie model.

Die nasionale tesourie se besluit om R35,2 miljard bykomend opsy te sit vir die verlenging van die Covid-19-verwante toelaag van R370 per maand tot Maart 2026 en moontlik daarna verhoog hierdie kommer verder. Sowat 8,7 miljoen mense sal na verwagting daaruit voordeel trek. Die gemiddelde jaarlikse verhoging in maatskaplike toelaes oor die laaste drie begrotingsjare is 5,3%. Dit is meer as die inflasiekoers, plaas verdere druk op die staatskas en bevestig die beweging na 'n welsynstaat.

"Solidariteit Helpende Hand staan vir volhoubare ontwikkelingsplanne en gemeenskaps-ontwikkeling, en dis vir ons hartseer dat die regering weereens soveel moeite doen om amper half daarmee te spog dat toelaes selfs bo inflasie verhoog word. Op die oog af stuur dit 'n mooi boodskap na die armes en kwesbare groepe, maar in die praktyk maak dit ons al meer 'n welsynstaat," sê Hannes Noëth, uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand.

Noëth sê die regering het ook nie voldoende gefokus op ekonomiese groei en werkskepping nie. Die toewysing van R8,2 miljard oor drie jaar vir die verhoging van maatskaplike toelaes – insluitend 'n verhoging van R130 per maand vir bejaardes, militêre veterane en mense met gestremdhede – wys hoe die regering toelaes eerder as ekonomiese ontwikkeling prioritiseer. Die pleegsorgtoelae verhoog in April met R70 tot R1 250 per maand en die kindertoelae met R30 tot R560 per maand. "Alhoewel ons bly is mense kry hulp, bly ons bekommerd dat 'n welsynstaat ons almal armer gaan maak in plaas daarvan om die ekonomie te laat groei," voeg Noëth by. "Die regering se beleid van verhoogde afhanklikheid van toelaes skep nie werklik geleenthede vir mense om uit armoede te ontsnap nie – dit hou hulle net vasgevang in afhanklikheid."

Solidariteit Helpende Hand glo die enigste volhoubare manier om die armoedesiklus te verbreek, lê in welstand wat deur werkskepping en selfstandigheid bevorder word, nie deur afhanklikheid van toelaes nie. Opleiding en die skep van werksgeleenthede is die sleutels tot voorspoed, en die regering behoort sy fokus hierop te rig.

(Solidariteit Helpende Hand-mediaverklaring op 12 Maart 2025)

4. DOELWITTE VAN DIE TOEKOMSBERAAD

Die Toekomsberaad het ten doel om:

- uitdagings aan te pak gegrond op data en inligting oor maatskaplike probleme wat tydens die Krisisberaad na vore gekom het;
- oplossings te ontwikkel deur praktiese antwoorde op uitdagings en strategieë vir volhoubare maatskaplike werk te vind;
- strategieë te bepaal vir die formulering van konkrete stappe vir implementering; en
- gemeenskapsbetrokkenheid te verhoog deur 'n netwerk te skep waar lede met mekaar kan skakel en beste praktyke kan deel.

NOTAS

[illegible]

5. DIE PLAN

Die strategiese doel van hierdie Toekomsberaad is om 'n selfstandige maatskaplike plan vir gemeenskappe daar te stel met die doel om volhoubare voorspoed te verseker sonder afhanklikheid van die staat.

Uitdagings en aanbevelings van potensiële oplossings is tematies ingedeel.

5.1. WETGEWENDE RAAMWERK

5.1.1. AGTERGROND

Wetgewing behoort 'n raamwerk te bied wat maatskaplike werkers ondersteun en versterk, maar tans veroorsaak die bestaande wetgewingsraamwerk uitdagings. Verskeie aspekte van wetgewing maak dit vir maatskaplike werkers moeilik om hul roeping effektief uit te leef.

Ons moet vra:

- Hoe verhoed wetgewing maatskaplike werkers om hulle werk effektief te doen?
- Waar is bestaande wetgewing onvoldoende?
- Watter wysigings kan werklik 'n verskil maak?
- Wat kan gedoen word om privaat maatskaplike organisasies meer ruimte en kapasiteit te gee?
- Wat in die huidige raamwerk maak dit moontlik om onafhanklik van die staat te funksioneer?

In baie gevalle leef ons onder die wanpersepsie dat wetgewing sekere optrede verbied, maar dit is nie altyd die geval nie. Ons moet seker maak ons verstaan die wet reg en ons moet proaktief nuwe ruimte skep sonder om enige wetgewing te oortree.

5.1.2. UITDAGINGS

- Verskillende interpretasies van wetgewing, soos die POPI-wet en Kinderwet deur maatskaplike werkers, howe en ander regsgeleerdes veroorsaak onsekerheid.
- Wetgewing en die verandering daarvan word soms as politieke speelbal gebruik; dit veroorsaak verwarring en frustrasie. Dit wil voorkom of daar nie eenvormigheid in die toepassing van wetgewing tussen verskillende provinsies, departemente en landdroste is nie en dit bring verdere verwarring en inkonsekwentheid mee.
- Oorregulering en burokratiese rompslomp bemoeilik effektiewe dienslewering.
- Beleid en realiteit is ontkoppel. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) se regulasies gee slegs 'n kwart weer van wat in werklikheid van belang is.
- Daar is wantroue in die polisie se vermoë om aanmeldings korrek en met die nodige professionaliteit te hanteer.
- Die onnodige lang en ondoeltreffende wetgewende en regsprosesse veroorsaak dat dienste vertraag word en probleme eskaleer.
- Die DMO en die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (SACSSP) se onvoldoende herregistrasieprosesse en vereistes vir werkers veroorsaak onsekerheid en 'n administratiewe en finansiële las op werkers en organisasies.

5.1.3. AANBEVELINGS

- Skep 'n gestandaardiseerde interpretasiegids vir maatskaplike wetgewing.
- Ontwikkel kortkursusse oor veranderinge aan wetgewing vir maatskaplike werkers.
- Bevorder spesialisering in kinderwetgewing en maatskaplike werk.
- Werk saam met regslui en howe om eenvormige toepassing van wette te verseker.
- Skep 'n regsadviesplatform vir maatskaplike werkers.
- Verminder onnodige administratiewe rompslomp met digitale oplossings.
- Betrek gemeenskappe by beleidsveranderinge sodat hulle dit beter begryp en insette lewer wat meer suksesvolle implementering kan verseker.
- Plaas druk op staatsdepartemente vir meer ondersteuning en hulp sodat hulle hul verantwoordelikheid nakom.
- Herstel verhoudings met die SAPD sodat daar 'n bewustheid van hul rol in die bekamping van maatskaplike krisis na vore kom.

NOTAS

[illegible]

5.2. BEFONDSING

5.2.1. AGTERGROND

Maatskaplike organisasies is geweldig afhanklik van die regering se befondsing. Elke jaar as die DMO sakeplanne oorweeg en befondsing allokeer, ontstaan daar wydverspreide chaos. Hierdie proses plaas die mag in die hande van die staat en skep onsekerheid met krisisafmetings in die sektor. Die regering het al herhaaldelik te kenne gegee dat hulle befondsing kan aanwend om rasgebaseerde transformasie-doelwitte te bereik. Daar is ook kommer dat fondse maklik herverdeel kan word na gebiede waar dit politieke steun kan werf eerder as na werklike gemeenskapsbehoeftes. Hierdie mag van die staat oor befondsing beperk organisasies se vryheid en stabiliteit.

Ons moet dus ernstig vra:

- Hoe breek ons die regering se mag oor befondsing?
- Hoe genereer ons ons eie fondse?
- Hoe kan organisasies funksioneer sonder om afhanklik te wees van 'n onvriendelike regering?
- Watter nuwe modelle of benaderings tot fondswerwing kan ons ontwikkel wat onafhanklikheid en volhoubaarheid verseker?

5.2.2. UITDAGINGS

- Die volhoubaarheid van maatskaplike werk word bedreig deur afhanklikheid van staatsbefondsing en die onsekerheid rakende subsidies.
- Staatsbefondsing is onvoldoende en afhanklikheid van subsidies plaas organisasies onder druk.
- Onsekerheid oor organisasies se finansiële posisie veroorsaak dat maatskaplike werkers alternatiewe werk oorweeg en voormalige studente nie tot die beroep toetree nie.
- Donateurs se streng rassevoorwaardes/-voorskrifte vir befondsing beperk sekere organisasies se eksterne befondsing.
- Gebrekkige befondsing van die DMO het 'n impak op die kwaliteit van dienste wat gelewer word. Die DMO dek dikwels slegs 'n gedeelte van die werklike kostes van die dienste wat eerste genader word om probleme op te los.
- Organisasies word verhoed om addisionele befondsing vir dienste in te win as die DMO dit reeds befonds het. Dit vererger die gebrek aan fondse verder.
- Talle organisasies het die laaste drie jaar geen verhogings vir dienste ontvang nie, maar die kostes het verhoog.
- Projekte kry makliker befondsing as bedryfsuitgawes. Dit trek die toekenning van fondse skeef.

5.2.3. AANBEVELINGS

- Diversifiseer befondsingsbronne om minder afhanklik van die staat te wees.
- Ontwikkel selfstandige befondsingsmodelle deur maatskaplike entrepreneurskap te bevorder.
- Stel 'n befondsingsforum saam vir samewerking tussen nieregeringsorganisasies (NGO's) en besighede.
- Skep belastingaansporings vir private instellings wat befondsing bied.
- Stel 'n spesialispan saam om 'n fondswerwingshandleiding te ontwikkel. Dit moet onder andere template en prosesse vir artikel 18A-belastingvrystelling en ander fondswerwingshulpbronne insluit asook die wyse waarop 'n datagebaseerde bewys van impak saamgestel en aangewend kan word vir verdere befondsing.
- Bou vennootskappe met internasionale organisasies vir finansiële ondersteuning.

NOTAS

[illegible]

5.3. DIENSLEWERING

5.3.1. AGTERGROND

Ons weet die professie ervaar geweldige uitdagings met dienslewering deur die DMO en SACSSP. Die vraag is: Wat is die grootste uitdagings en hoe kan ons dit aanpak?

Tydige dienslewering van goeie gehalte is 'n kernvereiste vir maatskaplike werk, maar beperkte hulpbronne en gebrekkige samewerking met sleuteldepartemente belemmer die doeltreffendheid en impak van dienslewering. Hierdie struikelblokke raak die publiek se toegang tot ondersteuning direk. Dit is noodsaaklik om nou doelgerigte oplossings te formuleer wat die stelsel kan verbeter en transformeer.

5.3.2. UITDAGINGS

- Maatskaplike werkers se hoë werkslading ondermyn kwaliteitdienslewering. Maatskaplike werkers is oorlaai met aangemelde sake. Dit lei tot uitbranding en die onvermoë om sperdatums te haal.
- Die hoë personeelomset maak dit moeilik vir kliënte om sterk, volgehoue verhoudings met maatskaplike werkers te bou.
- Onvoldoende opleiding en ondersteuning aan maatskaplike werkers beperk hul vermoë om doeltreffende dienste te lewer.
- Daar is 'n behoefte aan spesialisasie onder maatskaplike werkers, maar 'n tekort aan personeel maak dit onmoontlik.
- Gebrekkige koördinasie en samewerking tussen departemente, organisasies en ander belanghebbendes soos kerke verswak dienslewering.
- Finansiering beperk toegang tot noodsaaklike dienste en tydige dienslewering. 'n Tekort aan finansiële en materiële hulpbronne soos voertuie, brandstof en ander noodsaaklike toerusting plaas druk op maatskaplike werkers.
- Onvoldoende hulpbronne en gebrekkige infrastruktuur maak dit moeilik om wetgewing effektief toe te pas, veral in die geval van kinderbeskerming en ander kritieke dienste.
- 'n Tekort aan maatskaplike fasiliteite soos veiligheidsplekke, skole vir kinders met gestremdhede en rehabilitasiesentrums beïnvloed die effektiwiteit van dienslewering.
- Beperkende regulasies benadeel maatskaplike toetrede en intervensies veral tydens statutêre sake waar 'n onbetrokke ouer byvoorbeeld toestemming vir terapie of assesserings moet gee. Dit bied uitdagings vir effektiewe dienslewering en is nadelig vir die slagoffer/kind en die hofsaak oor die algemeen.
- Onrealistiese verwagtinge van gemeenskappe rakende die diens wat maatskaplike werkers lewer, lei tot konstante dreigemente en frustrasie.
- Burokrasie, administratiewe rompslomp en gebrekkige beleidskoördinering lei tot frustrasie en stadige dienslewering.
- Onprofessionele gedrag by die DMO en howe en die gebrek aan eenvormigheid in standaardprosesse en dokumentasie maak dienslewering oneffektief.
- Daar is 'n behoefte aan 'n strategiese benadering tot maatskaplike werk en gemeenskapsgerigte programontwikkeling om dienslewering meer effektief te maak in die land.
- 'n Afname in gemeenskapsbetrokkenheid van vrywillige gemeenskapslede by die ondersteuning van maatskaplike dienste word meer as in die verlede ervaar.
- Die groot gaping tussen armoede en rykdom in die land vererger maatskaplike probleme veral in arm gemeenskappe waar mense nie dienste kan bekostig nie.
- Die staat gebruik staatsbystandsprogramme (toelaes) as politieke gereedskap om afhanklikheid onder burgers te skep.

5.3.3. AANBEVELINGS

- Die DMO se staking van befondsing sonder die nodige indiepte-ondersoeke wek kommer. Ondersteuning moet gebied word om dit te stop.
- Tans fokus die staat op reaktiewe toelaes en programme. Organisasies moet in staat gestel word om meer voorkomende programme te lewer.
- Die DMO verwag baie meer dienste en befondsing van NGO's as wat die DMO self kan lewer. Meer druk moet op die DMO geplaas word om kwaliteitdiens te lewer.
- Nuwe norme en standaarde moet gestel word om die gevallelading per maatskaplike werker te beperk.
- Onvoldoende kortkursusse oor berading laat swak opgeleide beraders tot die veld toe. Dit kniehalter effektiewe dienslewering en samewerkende oplossing moet hiervoor gevind word.
- Mediese voorraad wat nie by staatsklinieke beskikbaar is nie, benadeel veral bejaarde en psigiatryse pasiënte. Dit plaas 'n groter las op die maatskaplike stelsel. Daar heers ook kommer dat die NGV-stelsel die uitdagings gaan vergroot. Druk moet op die Departement van Gesondheid geplaas word om billike mediese toegang vir burgers te verskaf.
- Stel 'n geïntegreerde databasis vir dienslewering op.
- Skep 'n nasionale netwerk vir gedeelde hulpbronne.
- Ontwikkel netwerkgroepe ter ondersteuning van maatskaplike werkers. Bou beter verhoudings tussen maatskaplike werkers en ander professionele beroepe om meer effektiewe dienste en ondersteuning te bied.
- Verminder die administratiewe las op maatskaplike werkers deur die gebruik van tegnologie om dienste doeltreffer en vinniger te lewer.
- Die media se negatiewe narratiewe oor dienslewering moet verbeter word, sodat die publiek die waarde en noodsaaklikheid van die diens in gemeenskappe kan erken en verstaan. Leiding kan aan alle organisasies gebied word om positiewe bewusmakingsveldtogte te ontwikkel en versprei.

NOTAS

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal blue ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. There are no margins, text, or other markings on the paper.

5.4. MAATSKAPLIKE BEROEP

5.4.1. AGTERGROND

Die maatskaplikewerkberoep is een van die mees eerbare en noodsaaklike beroepe in ons samelewing – 'n beroep waarmee daar werklik 'n verskil in mense se lewens gemaak kan word. Tog word die beroep bedreig deur verskeie interne en eksterne faktore. Buiten die algemene uitdagings wat maatskaplike werkers in hul daaglikse werksomgewing ervaar, is daar ernstige bekommernisse oor die toekoms van die professie self. Steeds minder jongmense betree die beroep, terwyl ervare kundiges die veld verlaat om ander loopbane te volg. Hierdie verlies aan vaardighede en kennis plaas verdere druk op die stelsel. Ons moet daarom ernstig besin oor hoe ons die profiel van die beroep kan verbeter, hoe ons bestaande maatskaplike werkers se hande kan versterk en hoe ons die beroep as geheel kan bevorder, beskerm en versterk vir die toekoms.

Die maatskaplikewerkberoep is onder druk as gevolg van 'n hoë werkslading, lae salarisse en 'n gebrek aan erkenning. Dit lei daartoe dat baie maatskaplike werkers die beroep verlaat, wat die kwaliteit van dienslewering ondermyn.

5.4.2. UITDAGINGS

- Opleiding aan universiteite is onvoldoende om die diversiteit in die land te hanteer.
- Daar is 'n tekort aan gespesialiseerde opleiding en deurlopende professionele ontwikkeling.
- Die verlies en gebrek aan spesialisasie onder regs personeel en maatskaplike werkers lei tot swak implementering van komplekse wetgewing soos die Kinderwet.
- Daar is 'n groot behoefte aan beter opleiding in en bewustheid van wette onder maatskaplike werkers, die polisie en ander belanghebbendes. Veral spesialisering in traumahantering, maatskaplike werk in skole en bejaardesorg is 'n groter wordende behoefte.
- Maatskaplike werkers verdien klein salarisse wat nie hul lewenskoste dek nie en nie aanloklik is vir jongmense om die beroep te betree nie.
- Die verskil in salaris van intree- en senior maatskaplike werkers is oneweredig en dra by tot ontevredenheid in die beroep.
- Maatskaplike werkers is dikwels self verantwoordelik vir verdere opleiding en VPO-punte; hulle kan dit nie met hul lae salarisse bekostig nie.
- Maatskaplike werkers se hoë werkslading lei tot uitbranding en 'n hoë personeelomset.
- Verder lei die hoë personeelomset as gevolg van swak salarisse en hoë werkdruk tot verlies aan kundigheid en ervaring in die veld.
- Die fisiese gevare waaraan maatskaplike werkers blootgestel word, veral wanneer hulle sake soos huishoudelike geweld hanteer, is kommerwekkend.
- Daar bestaan 'n gebrek aan tyd en kapasiteit om jong maatskaplike werkers behoorlik te ondersteun wanneer hul tot die werksplek toetree.
- Daar is 'n tekort aan supervisie, en diegene wat wel beskikbaar is, is oorlaai. Dit benadeel maatskaplike werkers se emosionele welstand en ondersteuning.
- Daar is 'n gebrek aan professionele erkenning vir maatskaplike werkers en hul bydrae en dienste word dikwels onderskat.
- Maatskaplike werkers toon dikwels 'n gebrek aan professionele selfvertroue; dit benadeel hul prestasie, kennis en beroepsvaardighede.
- Ondersteuningstrukture in regeringsorganisasies is swak en onvoldoende en bedreig die beroep verder.

5.4.3. AANBEVELINGS

- Onderhandel vir beter salarisse, finansiële voordele en 'n veiliger werksomgewing vir maatskaplike werkers.
- Skep 'n nasionale bewusmakingsveldtog om die belang van die beroep uit te lig.
- Loods bewusmakingsveldtogte in skole om toetrede tot die beroep te verhoog.
- Vestig mentorskapprogramme om jong maatskaplike werkers te ondersteun.
- Bied meer bekostigbare VPO-ontwikkeling aan.
- Verbeter samewerking met universiteite vir beter opleiding van maatskaplike werkers sodat hulle veerkragtig kan wees en werksdruk kan hanteer.
- Vestig beter supervisiestrukture vir ondersteuning en professionele ontwikkeling.
- Bevorder spesialisasie in die beroep om die werkslading te verminder.
- Ontwikkel beleid om maatskaplike werkers beter te beskerm teen werksoorlading.
- Skep 'n professionele netwerk vir kennisdeling en ondersteuning.
- Maatskaplike werkers moet dikwels vir hul eie terapeutiese intervensies betaal en daarom kan 'n welstandsprogram vir maatskaplike werkers gevestig word.
- Gebrek aan beskerming tydens sake met erge konflik skep 'n behoefte aan opleiding in selfverdediging en selfbeskerming by maatskaplike werkers.
- Dit is van uiterste belang om die regering bewus te maak van die noodsaak van en krisis in die beroep en om as maatskaplike werkers uit een mond te praat en die integriteit van die beroep te toon.

NOTAS

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal blue ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. There are no margins or other markings on the paper.

AKSIESTAPPE

Korttermynaksiestappe

1

Plaas druk op die parlementêre komitee om die nood in die maatskaplike veld te erken en oplossings te bied deur byvoorbeeld nuwe norme en standaarde op te stel wat die gevallelading per maatskaplike werker beperk.

2

Bevorder die maatskaplike netwerk waar maatskaplike werkers oor werk, vergoedingspakkette en ander uitdagings in die veld kan gesels.

3

Vestig mentorskapprogramme vir meer werksplekondervinding.

4

Bied bekostigbare VPO-opleiding aan.

5

Bied beskerming aan maatskaplike werkers waar dit van toepassing is.

6

Ontwikkel nasionale bewusmakingsveldtogte om die beeld en eer in die beroep te bevorder.

AKSIESTAPPE

Mediumtermynaksiestappe

1

Plaas druk op SACCP om spesialisingsvelde te erken.

2

Bied opknappingskursusse vir alle partye aan in die onderskeie wette en tydens wetgewingsveranderinge.

3

Bied meer ondersteuning en riglyne aan privaat maatskaplike werkers om effektiewe dienste te kan lewer.

4

Stel 'n veiligheidsgids vir maatskaplike werkers op.

5

Skep 'n welstandsprogram om maatskaplike werkers in die werksplek te ondersteun.

6

Skep gemeenskapstudiefondse om voornemende maatskaplike studente by te staan om te kan studeer.

7

Plaas druk op die Departement van Gesondheid om billike mediese toegang vir burgers te verskaf en ook meer hulp by versorgingsentrums vir bejaardes te bied.

AKSIESTAPPE

Langtermynaksiestappe

1

Skep 'n gestandardiseerde interpretasiegids vir maatskaplike wetgewing.

2

Skep 'n regsadviesplatform vir maatskaplike werkers.

3

Herstel die vertroue in die polisie om effektiewe diens te lewer.

4

Vestig beter supervisiestrukture vir ondersteuning en professionele ontwikkeling.

5

Verminder die administratiewe las op maatskaplike werkers deur die gebruik van tegnologie om dienste effektief en vinniger te lewer. Hiervoor kan 'n geïntegreerde kliënte-databasis vir dienslewering opgestel word

6

Skep 'n nasionale netwerk vir gedeelde hulpbronne.

7

Stel 'n handleiding of gids vir fondswerwing en belastingaansporings vir instellings op, wat 'n data-gebaseerde bewys van impak van programme en dienste insluit.

8

Ontwikkel 'n kursus om selfstandige befondsingsmodelle insluitend maatskaplike-entrepreneuriese ondernemingskap te bevorder.

9

Bou netwerke met internasionale befondsingsorganisasies.

7. SAMEVATTING

Die plan is om 'n brug te bou tussen effektiewe maatskaplike dienste en die gemeenskap. Die staat het egter ook 'n verantwoordelikheid om te help bou. Elkeen bou die brug op 'n unieke wyse.

Kom ons skep saam 'n toekoms van hoop en volhoubaarheid – vir ons gemeenskappe, ons professie en die generasies wat kom.

Deur die volgende beginsels toe te pas, kan ons 'n verskil in die maatskaplike landskap maak:

- Skep geloofwaardige organisasies.
- Streef na kostedoeltreffendheid.
- Gee deurlopende terugvoer aan donateurs.
- Lewer dienste van hoë gehalte.
- Bemerk eties en vanuit die hart.
- Skep meer gefokusde volhoubaarheidsprogramme.
- Bly bevorder vennootskappe tussen die staat en privaat sektor.
- Verskaf deurlopende leierskapsontwikkeling vir maatskaplike werkers.

Die Toekomsberaad is gehou om 'n plan van aksie op te stel om die maatskaplike sektor sterker en selfstandiger te maak. Met hierdie aanbevelings kan ons 'n maatskaplike sektor bou wat strategies beter saamwerk en volhoubare finansieringsmodelle kan skep, sodat ons 'n toekoms van hoop kan bou vir maatskaplike werkers en al ons gemeenskappe.

www.toekomshoop.co.za



SOLIDARITEIT



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING